basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings met AGT vrae in totaal.

2. AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG (60 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.

   AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID (90 punte)
   - Beantwoord AL VIER vrae in hierdie afdeling.
   - Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5.4 en VRAAG 5.5. Indien jy albei vrae beantwoord, sal slegs die EERSTE antwoord nagesien word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Lees elke vraag aandagtig deur en neem kennis van wat vereis word.

5. Lees die AKSIEWERKWOORD by elke vraag om te sien wat vereis word.

   AKSIEWERKWOORDE WAT IN DIE VRAE GEBRUIK IS:
   LAEVLAK-VRAE: kies, dui aan, noem, verduidelik, skryf, verskaf, bespreek
   MEDIUMVLAK-VRAE: verduidelik, staaf, brei uit, besin, bespreek, beskryf, ontleed, saamstel, skryf
   HOËVLAK-VRAE: gee, identifiseer, brei uit, bespreek, verduidelik, staaf, evalueer, konseptualiseer, skryf

6. Jy mag rofwerkbeplanning in die ANTWOORDEBOEK doen. Trek 'n streep deur enige werk wat NIE nagesien moet word NIE.

7. Jy sal geassesseer word op jou vermoë om:

   - Slegs in een taal te skryf
   - Inligting te organiseer en duidelik oor te dra
   - Die spesifieke formaat wat in sekere vrae vereis word, te gebruik
   - Spesialis-dansterminologie te gebruik, waar toepaslik

8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: BESERINGS

1.1 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| stresfraktuur; fisioterapie<br>kompressie; sementvloere; ligamente |

1.1.1 Enkel- en beenbeserings kan veroorsaak word deur op ... te dans. (1)

1.1.2 Om 'n verband op 'n beseerde area te plaas, staan as ... bekend. (1)

1.1.3 Weefsel wat been aan been heg, word ... genoem. (1)

1.1.4 'n Haarbreuk in die been word 'n ... genoem. (1)

1.1.5 'n Voorbeeld van 'n langtermynbehandeling vir 'n besering is ... (1)

1.2 Verduidelik hoe die verkeerde toepassing van die volgende danstegniek(e) die risiko van besering kan verhoog. Staaf met voorbeelde.

1.2.1 Oogfokus (2)

1.2.2 Landings (2)

1.3 Gee 'n opinie oor of jy SAAMSTEM or NIE SAAMSTEM NIE met die aanlyn opskrif hieronder. Staaf met voorbeelde.

| |
|---|
| **'Word goeie postuur oorskat?'** |

[Bron: https://www.theguardian.com/science/2023/aug/06/good-posture-back-pain-how-to-avoid] (6)

**[15]**

## VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

2.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Neuromuskulêre vaardighede | A | die vermoë van die bolyf om beheer en balans te handhaaf |
| 2.1.2 | Uithouvermoë | B | die vermoë van die brein om onmiddellik boodskappe na die liggaam te stuur |
| 2.1.3 | Krag | C | die vermoë van die liggaam om vir lang tydperke op te tree |
| 2.1.4 | Kernstabiliteit | D | die vermoë van die liggaam om krag teen swaartekrag uit te oefen |

(4 x 1) (4)

2.2 Verduidelik hoe die volgende komponente van fiksheid gebruik word om beweging(s) in die dansklas uit te voer:

2.2.1 Krag (2)

2.2.2 Kernstabiliteit (2)

2.2.3 Uithouvermoë (2)

2.3 Ontleed die foto hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Bron: https://za.pinterest.com/pin/488640628325489858/]

2.3.1 Identifiseer DRIE neuromuskulêre vaardighede en brei uit op hoe hulle in die foto hierbo gebruik word. (3 x 2) (6)


2.3.2 Identifiseer die uitdagings waarvoor 'n danser met beperkte soepelheid te staan kan kom wanneer hy/sy probeer om die beweging(s) in die foto uit te voer. (2)

2.3.3 Verduidelik hoe die dansers soepelheid kon ontwikkel het om die beweging(s) in die foto uit te voer. Staaf met voorbeelde. (2)

**[20]**

**VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG**

3.1 Kies VYF faktore wat in die plakkaat hieronder genoem word en brei uit op hoe ELKE faktor jou opvoering in die dansklas kan affekteer.




[Bron: https://za.pinterest.com/pin/441212713450628844/] (5)

3.2 Bespreek hoe die waardes en/of houdings wat in Dansstudies geleer word, kan help om stres te hanteer. (5)

**[10]**

**VRAAG 4: DANSOPVOERING**

4.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.1.1 Vloeiendheid verwys na die gladde oorgange tussen bewegings. (1)

4.1.2 Projeksie verwys na die selfversekerde aanbieding van beweging. (1)

4.1.3 Dinamiese variasie verwys na die handhawing van dieselfde energie regdeur 'n dans. (1)

4.1.4 Koördinasie verwys na die gebruik van een liggaamsdeel op 'n slag. (1)

4.1.5 Akkuraatheid verwys na die uitvoer van bewegings met aandag aan detail. (1)

4.2 Verduidelik hoe die volgende musiekterme beweging(s) kan beïnvloed:

4.2.1 Tempo (1)

4.2.2 Ritme (1)

4.2.3 Frasering (1)

4.2.4 Toonkleur (1)

4.3 Besin oor jou graad 12-solo-opvoering en bespreek hoe jy jou liggaam gebruik het om bedoeling te kommunikeer. (6)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

## VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

5.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

5.1.1 Dieselfde bewegings wat een na die ander herhaal word:

A Asimmetrie
B Kontakimprovisasie
C Kanon (1)

5.1.2 Die hoogtepunt of onvergeetlike oomblik van 'n danswerk:

A Unisoon-beweging
B Klimaks
C Patroon (1)

5.1.3 Voer dieselfde bewegings uit om balans en harmonie te skep:

A Simmetrie
B Stilte
C Positiewe ruimte (1)

5.1.4 Herhaalde bewegings wat die tema van die danswerk oordra:

A Rigting
B Negatiewe ruimte
C Motief (1)

5.1.5 Vorms wat deur twee of meer liggame geskep word:

A Ineengevlegte vorms
B Repetisie
C Variasie (1)

5.2 Beskryf VIER maniere waarop 'n joernaal jou met jou choreografiese proses kan help. (4)

5.3 Ontleed hoe die danselement *krag* gebruik kan word om bedoeling oor te dra. (3)

**LET WEL:** Jy het 'n keuse tussen VRAAG 5.4 en VRAAG 5.5.
Beantwoord slegs EEN van hierdie vrae.

5.4 Verduidelik die effek wat tegnologie op 'n choreografie kan hê. Staaf jou antwoord. (5)

**OF**

5.5 Evalueer hoe lewendige musiek en/of begeleiding 'n dansopvoering kan beïnvloed. Staaf jou antwoord. (5)

**LET WEL:** VRAAG 5.6 is VERPLIGTEND.

5.6 Konseptualiseer 'n choreografie deur die nie-konvensionele ruimte hieronder as 'n stimulus te gebruik.



[Bron: https://za.pinterest.com/pin/465630048993449586/] (8)
**[25]**

**VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID**

6.1 Noem VYF funksies van dans. (5)

6.2 Verduidelik die voordele van ELK van die funksies van dans wat in VRAAG 6.1 genoem is. (5)

6.3 Stel gedetailleerde aantekeninge oor jou hoofdansvorm saam onder ELK van die opskrifte hieronder.

Noem jou hoofdansvorm.

6.3.1 Beginsels (5)

6.3.2 Kenmerke (5)

6.4 Gee jou opinie oor die invloede wat die hedendaagse samelewing op kulturele/ inheemse dans het. (5)
**[25]**

**VRAAG 7: DANSWERK**

Kies EEN danswerk wat jy uit die voorgeskrewe lys hieronder bestudeer het.

| INTERNASIONALE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alvin Ailey | *Revelations* |
| Christopher Bruce | *Ghost Dances* |
| George Balanchine | *Apollo* |
| Martha Graham | *Lamentation* |

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | DANSWERKE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | *Bolero* **OF** *Cargo* |
| Gregory Maqoma | *Four Seasons* **OF** *Skeleton Dry* |
| Hazel Acosta | *Blood Wedding* |
| Mavis Becker | *Flamenco de Africa* |
| Sylvia Glasser | *Tranceformations* |
| Veronica Paeper | *Orpheus in the Underworld* |
| Vincent Mantsoe | *Gula Matari* |

Noem die danswerk wat jy gekies het.

Skryf 'n resensie oor die danswerk en sluit die volgende in:

- Sinopsis/Tema/Bedoeling
- Musiek en/of begeleiding
- Produksie-elemente
- Bewegingswoordeskat
- Simbolisme
- Toepaslikheid van die danswerk **[25]**

**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

Kies EEN choreograaf wat jy uit die voorgeskrewe lys hieronder bestudeer het.

| SUID-AFRIKAANSE CHOREOGRAWE | INTERNASIONALE CHOREOGRAWE |
|---|---|
| Alfred Hinkel | Alvin Ailey |
| Gregory Maqoma | Christopher Bruce |
| Hazel Acosta | George Balanchine |
| Mavis Becker | Martha Graham |
| Sylvia Glasser | |
| Veronica Paeper | |
| Vincent Mantsoe | |

Noem die choreograaf wat jy gekies het en beantwoord die vrae wat volg.

8.1 Verskaf SES feite oor die agtergrond van die choreograaf. (6)

8.2 Bespreek hoe die choreograaf se invloede sy/haar professionele loopbaan gevorm het. (4)

8.3 Brei uit op die choreograaf se choreografiese eienskappe/styl. (2)

8.4 Bespreek die choreograaf se bydrae tot dans. (3)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou